

RSG
RADIOTEATER
DIE MAN UIT EEN STUK

deur

Pienkes du Plessis

Uitsaaidatum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. Hendrik Blignaut (61)

Voorsitter van Vista Konsultante, snob, dominerend

2. Josephus de Waal (70 +)

Direkteur van Vista, beteuterd, vol ipekonders, klaerig, soms hinderlike
hoesie of kuggie

3. Georgie Steward (70 +)

Direkteur van Vista, nog meer beteuterd

4. Gerhard Enslin (42)

Ouditeur van Vista Konsultante, gewoon saaklik

KOPIEREG:

G VAN E DU PLESSIS, POSTNET X 29, SUITE 232, SOMERSET-WES, 7129

HENDRIK BLIGNAUT SE KANTOOR OP DIE 15DE VERDIEPING.

LAATMIDDAG. (VERAF STADSGERUIS IN A/G INDIEN VERKIES)

- 1 HENDRIK: Soon is dood. (*POUSETJIE*) Maar dood sê niks. Sy stem tel.
(*POUSETJIE*) Josephus?
- 2 JOSEPHUS: Ja, dood sê niks, Hendrik. Sy stem tel.
- 3 HENDRIK: Georgie? Wat sê jy?
- 4 GEORGIE: Soon moet stem, ja, Hendrik. Want dood sê niks.
- 5 HENDRIK: Nou goed. Dan mag alvier stem. Stem ons ja of stem ons
nee vir Cobol se aanbod? Jy eerste, Josephus.
- 6 JOSEPHUS: Ek stem NEE vir Cobol, Hendrik.
- 7 HENDRIK: Een NEE, dus. En jy Georgie?
- 8 GEORGIE: Ek stem NEE vir Cobol, Hendrik.
- 9 HENDRIK: Twee NEE's dus.
- 10 GEORGIE: En...en jy Hendrik?
- 11 HENDRIK: Saam met my is dit drie NEE's vir Cobol.
- 12 GEORGIE: (*HUIWEREND*) Hoe sal ons weet van Soon?
- 13 HENDRIK: Ons weet mos.
- 14 JOSEPHUS: Ja, ons weet mos.
- 15 HENDRIK: Ons weet mos ja. Vier NEE's is dit dus vir Cobol. Teken dit
so aan in die notule, Georgie.
- 16 GEORGIE: Goed. (*TERWYL HY SKRYF*) Ek het die opskrif al vooraf
geskryf, Hendrik, ek moet net byvoeg wat ons...(reeds hier
het)
- 17 HENDRIK: (*VAL IN REDE*) Die bewoording van ons besluit moet korrek
wees, Georgie.
- 18 GEORGIE: Dit is ja, Hendrik.
- 19 JOSEPHUS: Presies soos laas, Georgie.

- 1 GEORGIE: Dis presies so, Josephus.
- 2 HENDRIK: Laat ek sien wat jy geskryf het. (PAPIERE RITSEL)
(MOMPEL-MOMPEL) Besluit van die Raad van Direkteure
van Vista Konsultante..... soos op datum.....14
September....en verder dat....eenstemmig besluit is
.....aanbod af te keur. (POUSE) Goed, dis reg so.
(PAPIERE RITSEL WEER) Dan gaan ek hierdie Enslin vent
laat binnekom. En Georgie, jy en Josephus, sê maar so min
as moontlik.
- 3 GEORGIE: Dis goed so, Hendrik. Jy sal praat. Ek het niks vir ouditeure
en penlekkers te sê nie.
- 4 JOSEPHUS: Ek gaan min praat, Hendrik. Ek voel nie lekker vandag nie.
Jy moet praat.
- 5 HENDRIK: Ek sal ook ja. 'n Ouditeur is nie my baas nie.
- 6 JOSEPHUS: Maar Hendrik...(BREEK AF)
- 7 HENDRIK: Wat Josephus?
- 8 JOSEPHUS: Jy... jy sê niks van die nuus van die Simmonds projek nie,
nè?
- 9 GEORGIE: Nè Hendrik?
- 10 HENDRIK: Natuurlik nie. Hy hoef nie te weet ons kry nie die kontrak nie.
- 11 JOSEPHUS: Jy's reg, Hendrik. Maar- maar jy moet ook nog alles weer vir
ons sê wat sê Tim Havenga. Presies alles oor Simmonds. Hy
is tog hulle voorsitter wat presies sal weet.
- 12 HENDRIK: Maar eers later. As Enslin weg is.
- 13 JOSEPHUS: En Hendrik....ook niks van Jack se bedanking nie.

- 1 GEORGIE: Nee, ons sê niks van Jack nie.
- 2 HENDRIK: Maar ek weet dit tog! Die ouditeure hoef glad nie te weet Jack Powers gaan weg nie. Glad nie. (BEWEEG WEG) Ek gaan haal vir Enslin in die voorste kantoor..

POUSETJIE. DEUR IN A/G OOP

- 3 HENDRIK: (AFSTAND) Meneer Enslin. Kom maar binne.

DEUR IN A/G WEER TOE

- 4 ENSLIN: (KOM NADER) Hallo meneer Blignaut. Goed om u weer te sien.
- 5 HENDRIK: (DOOF TOT OP MIK) U sitplek is hierdiekant, meneer Enslin. U onthou nog my mede-direkteure?
- 6 ENSLIN: (OP MIK) Natuurlik, dis maar twee jaar gelede. Goeiedag, Menere. Dis soos gister dat ons laas vergader het.
- 7 HENDRIK: Georgie Steward, ons maatskappysekretaris en kopieskrywer.
- 8 GEORGIE: Goeiedag.
- 9 HENDRIK: En dan meneer Josephus de Waal, Administrasie en Menslike Hulpbronne. Maar u ken hom mos.
- 10 ENSLIN: Ek en meneer De Waal praat darem af en toe oor die telefoon. Hoe gaan dit met u?
- 11 JOSEPHUS: Middag meneer Enslin. Net bietjie aamborstig vandag.
- 12 HENDRIK: Almal sit asseblief.
- 13 ENSLIN: Dankie. Jammer ek is 'n bietjie laat. Die verkeer hier teen die laat middag was maar lastig. En toe ook die gewag hier onder vir die hysbak as almal gelyk wil huis toe gaan.

- 1 HENDRIK: Die laaste tyd lol hierdie plek se hysbakke. Veral die middelste een wat vanmiddag wéér in die kelder vasgehaak het. Nou hang dit halfpad tussen die kelder en die grondvloer in die lug. Seker al die tiende keer hierdie maand.
- 2 ENSLIN: Ja ek sien hulle het die een hysbakdeur in die portaal met 'n rooi lint toegespan want die skag staan oop. Al wat mens sien, is die dak van die hysbak wat uitsteek, so 'n paar voet bokant die portaal se vloer. Is dit nie gevaarlik nie?
- 3 HENDRIK: Gladnie, die opsigters kom span op al die verdiepings die stukkende hysbak se deure toe met hulle rooi linte, en dan weet die mense om dit nie te gebruik nie.
- 4 ENSLIN: Ook waar ja. Hierdie hysbakke van toentertyd het tog maar hulle probleme. En maar stadig ook.
- 5 HENDRIK: Dit is so ja. Dit vat nogal 'n hele tydjie om hier bo op die 15de verdieping uit te kom. Ek lees amper die koerant se hele voorblad in die tyd. Amper 'n gewoonte al, anders verveel mens jou morsdood met die op- en afryery.
- 6 ENSLIN: Dis darem één voordeel. Verder is die koste van kantore in hierdie ou geboue darem so billik, veral hier op die dakverdieping as ek so na die uitgawes op u state kyk.
- 7 JOSEPHUS: Ons spaar elke sent, meneer Enslin. Ons boeke wys dit duidelik.
- 8 ENSLIN: (KEELSKOON) Goed, dan kan ons begin. Dis reeds oor ses.
- 9 HENDRIK: Gaaf. Ons is gereed.

- 1 ENSLIN: (POUSETJIE) En die vyfde plek? Is daar nog iemand wat kom?
- 2 HENDRIK: Wel, ons is vier. U is een. Saam maak ons vyf.
- 3 ENSLIN: (POUSETJIE) Maar u is drie.
- 4 HENDRIK: Nee. Vier.
- 5 ENSLIN: Maar u maatskappyrekords, u register stel dit tog duidelik. U is net drie direkteure. Een, twee, drie.
- 6 GEORGIE: En Soon? Vra vir hom wat van Soon, Hendrik.
- 7 ENSLIN: Soon?
- 8 GEORGIE: Sê vir hom Soon ja, Hendrik.
- 9 JOSEPHUS: Het u vergeet van Soon?
- 10 ENSLIN: Ek... ek begryp nie. Soon Muller is dood. Al twee jaar al.
- 11 JOSEPHUS: Dood sê niks. Dis Soon se plek die. Daar staan sy beeld op die tafel voor sy stoel.
- 12 GEORGIE: Dis Soon se plek die, ja. Daar is sy beeld. Sê vir hom, Hendrik. (HUIWER) Want dood sê niks.
- 13 HENDRIK: (POUSETJIE) U het gehoor, meneer Enslin. Dood sê niks. Is u tevrede met die antwoord?
- 14 ENSLIN: (DUIDELIK VAN STRYK AF) Hm. Ja. Natuurlik. Ek het nie verwag dat u wyle Soon Muller se borsbeeld by die vergadering sal laat insit nie.
- 15 HENDRIK: Dan sien u dit nou. Goed so? Dan kan ons nou begin. Vista Konsultante se direkteure heet u welkom, meneer Enslin. Wat is die voornemende kopers se gewysigde voorstelle?

(PAPIERE WAT RITSEL)

- 1 JOSEPHUS: Ek maak ook my eie notas vir my boeke. (BEGIN SKRYF)
Soos op vandag se datum die sestiende van die-
Dis 'n sleg pen hierdie.
- 2 ENSLIN: Laat ek net eers die agtergrond vir 'n moontlike transaksie
verduidelik. Die kopers, Cobol Holdings, is 'n enorme
industriële en kommersiële groep met uitgebreide nasionale
en internasionale belange. Weens strategiese oorwegings
wil hulle 'n eksterne entiteit betrek wat in hierdie provinsie na
hulle skakel- en kommunikasiebehoefte kan omsien. Vista
lyk vir hulle na 'n moontlikheid hoofsaaklik omdat die naam
Vista reeds lank hier plaaslik bestaan, en tweedens – en hier
moet u my verskoon as ek negatief klink – Vista het
ontwikkel tot 'n leë dop met geen aanwendbare infrastruktuur
wat hulle eers moet afbreek voordat hulle dit herontwikkel
nie.
- 3 HENDRIK: Ag so. Ons is dus 'n leë dop? Jy is nie net negatief nie,
meneer Enslin, maar ook beledigend.
- 4 ENSLIN: Meneer Blignaut, ek is slegs die boodskapper, u ouditeur wat
u probeer bystaan op 'n baie kritieke tydstip in Vista se
bestaan.
- 5 HENDRIK: Goed. Praat verder.

- 1 ENSLIN: Dankie. Ek beskou Cobol se voorstel as buitengewoon aantreklik en uiters positief. Hulle het na 'n verdere deeglike ondersoek bevind dat Vista Konsultante se posisie baie wankelig is en dat u teenwoordigheid in die kommunikasiebedryf binne enkele weke geheel en al sal verdwyn en u maatskappy na alle waarskynlikheid gelikwideer word.
- 2 HENDRIK: Binne hoe lank?
- 3 ENSLIN: Twee of drie weke.
- 4 HENDRIK: Twee of drie weke. (AFGEMETE) Ek sterf liever 'n duisend dode.
- 5 JOSEPHUS: Ek teken dit so aan in my notas. Twee of drie weke- Hierdie pen skryf sleg.
- 6 ENSLIN: Twee of drie weke...Dis bloot 'n hipotetiese syfer. U weet tog self hoe benard u kontantposisie is.
- 7 HENDRIK: Nou wat is Cobol se verdere voorstel dan, behalwe dit wat ons reeds by jou gekry het?
- 8 ENSLIN: Hulle bly staan op 'n kwartmiljoen. Plus u krediteure. Dis 'n verdere kwartmiljoen. Totaal 'n halfmiljoen rand.
- 9 HENDRIK: Belaglik. Dit moet tog sekerlik 'n halfmiljoen per jaar wees? En vir hoeveel jaar? Die skriftelike voorstelle is onduidelik.
- 10 ENSLIN: Nee Menere, slegs 'n eenmalige betaling van R250 000 vir u aandele. U leningsrekenings is lankal uitgeput.
- 11 GEORGIE: Dis...dis pateties! Dis...(BREEK AF) Hendrik?

- 1 JOSEPHUS: U noem dit tog nie 'n positiewe voorstel nie! 'n Kwartmiljoen vir élk van ons is al klaar 'n belediging. Daar is my siektetoestand, my medikasie! En my versameling!
- 2 ENSLIN: Ek weet nie of u goed begryp hoe haglik u posisie is nie. U kan glad nie met Cobol onderhandel nie. Hulle hoef u niks te betaal nie. Eintlik kan hulle maar net sit en wag dat die bank u deure sluit en dan met die likwidadeur onderhandel teen 'n tiende van die prys. Sonder die skrale moontlikheid van die Simmonds projek moet u onmiddellik ophou handel dryf.
- 3 HENDRIK: Gekkingheid. Daar is ons naam wat baie werd is.
- 4 JOSEPHUS: Vista het 'n trotse geskiedenis.
- 5 GEORGIE: Ons het dit van niks af opgebou.
- 6 ENSLIN: Ja, maar ongelukkig weer tot niks afgebreek. Uit u boeke is dit duidelik dat u hopeloos te veel kontant uit die firma geneem het.
- 7 GEORGIE: Maar Vista Konsultante is óns firma. Sê vir hom Hendrik.
- 8 JOSEPHUS: Ons het dit van die grond af opgebou.
- 9 GEORGIE: Ons het belangrike kontakte die hele stad deur.
- 10 JOSEPHUS: Hendrik hier is 'n sleutelman in die reklamewêreld. Sy verbintenis met die landbousektor strek oor baie jare. Vista is van almal in die kommunikasiebedryf die langste aan die gang. Almal ken ons.
- 11 GEORGIE: Daar is ook die stadsraad en die streeksrade, Hendrik. Sê hom. Dit moet hy weet.
- 12 JOSEPHUS: Niemand gaan ooit hierdie kontakte by ons wegneem nie.

- 1 GEORGIE: Daar is meneer Winton van die hotelraad.
- 2 JOSEPHUS: En daar is Schalk Visagie van die wildtuin en van die parkeraad. Elke konferensie wat hulle hou, reël ons. Ou Dokter Graham het net laaste week nog vir ons gesê ons kry weer aanstaande jaar die reëlings vir die mediese kongres. Ons het baie belangrike konneksies in hierdie stad. Hendrik is op die raad van die handelskamer en ook op die komitee van die klub. En daar is ander komitees ook.
- 3 GEORGIE: Ons het die besigheid met niks begin.
- 4 ENSLIN: En nou het u weer niks nie. Begryp u dan nie. U het kontant uit die firma geneem wat nie daar was nie.
- 5 GEORGIE: Maar ons het tog ons verpligtinge. Hendrik, sê hom.
- 6 JOSEPHUS: En daar is ook my versameling. Ek kan dit tog nie tot niet laat raak nie. En waarvan sal ek en Dalena leef? Haar weduwee-suster is ook nog op ons aangewys.
- 7 GEORGIE: En my duiwe! Wat van my duiwe, Hendrik?
- 8 ENSLIN: Wees eerlik met uself, Menere, u het die bestuur van Vista Konsultante skromelik verwaarloos.
- 9 GEORGIE: Dis Powers, Hendrik. Hy sal ons nog bankrot maak.
- 10 ENSLIN: Dit help nie om u bestuurder te verwyt nie. U is klaar reeds bankrot.
- 11 JOSEPHUS: Dis Powers ja. Hy luister nie. Hy bestuur die ding verkeerd en meng al in waar hy nie moet nie.
- 12 ENSLIN: Jack Powers is u twaalfde bestuurder in agt jaar.
- 13 GEORGIE: Hendrik, die anders was net so sleg. Sê hom.

- 1 ENSLIN: Jack Powers se direksie stel geen fondse aan hom beskikbaar nie. Hy is nou al vier-vyf maande by u, en dit verbaas my dat hy nog nie geloop het nie. Dit lyk kompleteer of u alles wat hy doen weer ongedaan maak. Dit- Ek is jammer, Meneer, maar volgens ons inligting en volgens die feite voor ons, lê die fout by u as direksie, by u as aandeelhouers. Cobol beskou die teenwoordigheid van Powers as essensieel. Inderwaarheid wil hulle die nuwe Vista óm Powers struktureer. Sê liewer dankie dat u 'n Jack Powers het wat sonder enige personeel Vista aan die gang probeer hou.
- 2 JOSEPHUS: Vra vir my as direkteur van personeel en menslike hulpbronne by Vista hoe duur personeel tans is. Kyk hier na my notas. Alles opgeteken. Ons kon nie die salaris betaal wat die mense wil hê nie, dis hoekom hulle weg is. Weet ouditeure dit? Mevrou Van der Spuy se soort is onvervangbaar, haar lojaliteit 'n riem onder die hart.
- 3 ENSLIN: Meneer Blignaut, wil meneer De Waal nie vir ons sê waaruit sy Departement van Menslike Hulpbronne tans bestaan nie? (POUSETJIE) Jack Powers en u sekretaresse ou mevrou Van der Spuy, wat teen die helfte van haar salaris werk. U totale personeel. (POUSETJIE) Meneer Blignaut?

- 1 HENDRIK: Ek begin moeg raak vir hierdie gesprek. Ons weier om armlastiges te word. Vergeet dit. In die lig van die vooruitsig van die Simmonds projek is ons tans besig om die hele firma te herstruktureer. Meneer De Waal hier is bewus van die personeelbehoefte wat gaan ontstaan met Simmonds se werk.
- 2 JOSEPHUS: Korrek Hendrik. My beplanning is klaar gedoen. Alles presies in my notas.
- 3 ENSLIN: Meneer asseblief. Simmonds is een van die grootste enkele vervoerprojekte wat hierdie stad nog ooit beleef het. Die skakelwerk wat hulle verwag, is heeltemal bokant u vermoëns en kapasiteit. Die enigste rede hoekom u op hulle kortlys verskyn, is Vista se historiese betrokkenheid in die stad, en dan natuurlik meneer Blignaut se vriendskap met Simmonds se uittredende voorsitter, ou doktor Tim Havenga.
- 4 JOSEPHUS: Hendrik Blignaut en Tim Havenga kom jare en jare saam, meneer Enslin. Dis goed dat ouditeure en andere dit weet.
- 5 GEORGIE: Ons kliënte hou van die kopie wat ons vir hulle skryf, Hendrik. Weet die meneer dit?
- 6 ENSLIN: Vriendskappe kan nie ingeligte kopie vir 'n hardgebakte media skryf nie, meneer Steward.
- 7 JOSEPHUS: Georgie skryf al 20 jaar vir Vista se kliënte hulle kopie vir die koerante. Ook toesprake vir die voorsitters. Hy weet.

- 1 ENSLIN: Maar Simmonds se projek vra veel meer. Dit verg indiepte kennis van onteining en eiendomsreg, stadsbeplanning, vervoerbehoefte, pendelvoorkeure, geologiese begrensings, ensovoorts, ensovoorts. Simmonds se bestuur gaan u kapasiteit deeglik ondersoek, en sonder Cobol se bystand en sonder Jack Powers se teenwoordigheid staan Vista geen kans om Simmonds se ondersoek te oorleef nie.
- 2 GEORGIE: Doktor Tim Havenga gaan hom nie laat mislei deur allerhande slimmighede nie, Hendrik. Hy weet ek skryf kopie wat die koerante wil hê. Die regte kopie op die regte tyd.
- 3 ENSLIN: Ek sien. Meneer Blignaut, miskien wil meneer Steward hier vir ons sê wanneer laas hy enige reklame-kopie in 'n tydskrif of koerant vir een van u kliënte gepubliseer het. Dalk wil u self daarop antwoord, Meneer Steward? Dalk 'n voorsittersrede vir iemand?
- 4 HENDRIK: Kom ek lig jou in, want jy begryp blykbaar glad nie die aard van ons bedryf nie. Dis maar net dat ons kliënte geruime tyd al, nie eintlik, of nog beter gestel, géén behoefte gehad het aan kopie vir reklame of skakelwerk nie.
- 5 JOSEPHUS: Korrek. Geen behoefte nie.
- 6 GEORGIE: Presies Hendrik. Geen behoefte nie.

- 1 ENSLIN: Meneer Blignaut, ek...ek gesels vandag met u as raadgewer slegs omdat u en my voorgangers al jarelank sake doen. Daar is eintlik geen rede vir my om hier te wees nie. U sal nie eers ons fooie kan betaal nie. Maar die werklikheid is dat u en u kollegas hier geen werk meer het nie. Meneer Josephus de Waal hier is direkteur in bevel van Personeel en Menslike Hulpbronne terwyl daar geen personeel meer oor is nie. Meneer George Steward hier is direkteur van mediaskakeling en die firma se kopieskrywer, terwyl daar vir 'n jaar of wat geen kopie meer geskryf word nie. (POUSETJIE) Wat doen u persoonlik, meneer Blignaut.
- 2 GEORGIE: Maar Hendrik, hy weet mos jy is die sleutelman in ons firma.
- 3 JOSEPHUS: Meneer Enslin, Hendrik Blignaut se naam strek wyd en ver as top skakelman in die stad. Simmonds is maar een voorbeeld. Doktor Tim Havenga en Hendrik hier kom 'n leeftyd saam.
- 4 HENDRIK: Tot hiertoe, meneer Enslin! Jy is die hele tyd net besig om beledigings uit te deel. My naam staan opgeteken in die annale van die klub, in die annale van die handelskamer! Daar is 'n halfdosyn ander liggame ook, komitees waarop ek jare gedien het. Ek en doktor Tim Havenga het saam baie sakke sout opgeëet, alhoewel hy baie jare my senior is! En hy wat Tim Havenga is, is die voorsitter van Simmonds. Begryp u dit nie?

- 1 ENSLIN: Ou Doktor Tim Havenga is besig om uit te tree. Vir hom is u 'n vriend, iemand wat soms, en ek sê dit met respek, soms bietjie verstrooid optree, maar hy aanvaar dit. Dis nuwe mense wat die besluite gaan neem, en hulle aanvaar nie...aanvaar nie ouwêreldse optredes van verstrooide bejaardes nie.
- 2 HENDRIK: Verstrooide bejaardes! Besimpelde oumense! Is dit wat ons is?
- 3 ENSLIN: Asseblief! Vergewe my as ek reguit praat. U is nog nie vir Simmonds se projek aangestel nie en die kans is gering dat u wel aangestel sal word. Sonder die vooruitsig van die Simmonds projek moet u onmiddellik u deure sluit. Vir alle praktiese redes pleeg u tans reeds 'n daad van insolvensie.
- 4 HENDRIK: Gekigheid! Servaas Kroukamp ontken dit geheel en al.
- 5 ENSLIN: Ek het die wêreld se respek vir u prokureurs en veral vir ou meneer Servaas Kroukamp self, maar hy beskik nie oor al die feite soos ons as u ouditeure nie. As u nie vir die Simmonds projek aangestel word nie, is u insolvent. En met die beste wil in die wêreld kan ek nie sien hoe u aangestel gaan word nie.
- 5 HENDRIK: Servaas Kroukamp verseker my dat ons nie onwettig optree nie want die verwagting dat ons aangestel gaan word, rus op haalbare moontlikhede. Die Simmonds projek is een-
- 6 ENSLIN: Verskoning meneer Bignaut. Wanneer het u met meneer Servaas Kroukamp gepraat?

- 1 GEORGIE: Net vanoggend nog. Het jy nie, Hendrik?
- 2 HENDRIK: Net vanoggend nog. Ons het lank oor Simmonds gepraat en ook nog oor...(BREEK AF) Ook nog oor 'n ander saak.
- 3 ENSLIN: 'n Ander saak?
- 4 HENDRIK: Iets heeltemal anders. Niks...niks met Simmonds en met Cobol te doen nie. Mens het sake wat...wat vertroulik is.
- 5 JOSEPHUS: Ja, niks met ouditeure en met ander mense te doen nie.
- 6 GEORGIE: Ja niks nie.
- 7 ENSLIN: (POUSETJIE) Ek sien. In elk geval daar is geen werk in u firma nie en daar is geen geld in u firma nie. U het die firma leeg gesuig.
- 8 GEORGIE: Maar hy hoor nie, Hendrik. Dis óns firma.
- 9 ENSLIN: Meneer Blignaut, u as die huidige voorsitter, besef u mededirekteure u firma se posisie?
- 10 HENDRIK: Hulle is oumense meneer Enslin. Bejaard mos, soos jy dit stel. Ek is verreweg die jongste, en ek was laasjaar al sestig. Laat ons nie mekaar se ouderdomme hier sit en uitpluis nie. Kom ons keer eerder terug na Cobol se antwoord. Ons kan glad nie so 'n lae beledigende aanbod aanvaar nie.
(AFGEMETE) Nie oor my dooie liggaam nie.
- 11 ENSLIN: Ek sal dit nog duideliker stel. U is bankrot. U het niks nie. U aandele is niks werd nie. U firma is bloot 'n naam op papier. Cobol is slegs geïnteresseerd om met die naam Vista Konsultante voort te gaan omdat dit hulle bedryfsaksies kan versnel. Luister na my goeie raad en aanvaar hulle aanbod.

- 1 JOSEPHUS: Wat belaglik laag is. Ons verdien meer as dit in een jaar!
- 2 ENSLIN: Ek glo u meneer De Waal. Daarom is u nou bankrot. En terwyl ons nou by daardie onderwerp is, hoekom is meneer Blignaut se verdienste die afgelope twee jaar so enorm? Hy verdien...(fooie wat heeltemal te veel)
- 3 HENDRIK: (VAL IN REDE) Genoeg! Hierdie sotterny staak nou!
STILTE
- 4 ENSLIN: U is reg, meneer Blignaut. Dit is 'n sotterny. U as 'n vrygesel, u verdien vier keer meer as u mede-direkteure hier terwyl u almal in die verlede gelyke verdienstes gehad het. Ons as ouditeure begryp dit nie.
- 5 HENDRIK: Daar is niks vir julle om te begryp nie. Dis ons saak.
- 6 ENSLIN: Werklik? Wat sê u daarvan meneer De Waal? Meneer Steward?
STILTE
- 7 JOSEPHUS: Dis...Hendrik het belangrike konneksies die hele stad deur. Hy moet dit in stand hou. Hy is op die bestuur van die handelskamer. En ook op die komitee by die Klub.
- 8 GEORGIE: Weet hy hoeveel tyd en geld het dit die laaste jare gekos?
- 9 ENSLIN: Ek glo u meneer Steward. Ek kan dit in die state sien. U state sê ook dat u firma nie redbaar is nie.
- 10 HENDRIK: Jy het dit laas ook gesê. Twee jaar gelede.
- 11 GEORGIE: Ja, hy het dit vir Soon gesê. Hy het daar gesit, daar in sy leë sitplek. Ek onthou dit goed.

- 1 JOSEPHUS: Ek onthou dit ook goed. Ek kan ook my notas deurkyk. My rug het my nog so opgekeil die dag.
- 2 HENDRIK: Vergeet twee jaar gelede! Kom ons bepaal ons by Cobol se voorstelle hier voor ons.
- 3 ENSLIN: Ek sal dit ook verkies. Wat het u direksie besluit?
- 4 HENDRIK: Dis NEE.
- 5 JOSEPHUS: Die kontant is nie eers 'n skamele 100 000 elk nie. Daar is my medikasie. My versameling.
- 6 GEORGIE: My duiwe! Hoe sal ons kan lewe?
- 7 ENSLIN: Meneer Blignaut? Het u Cobol se voorstelle dééglík bespreek?
- 8 HENDRIK: Het jy gehoor wat my kollegas sê?
- 9 ENSLIN: En u het heeltemal eenstemmigheid bereik dat dit nee is?
- 10 HENDRIK: Dis NEE.
- 11 GEORGIE: Al vier van ons.
- 12 ENSLIN: (ONBEGRYPEND) Dis...Maar u is net drie?
- 13 HENDRIK: Nee. Vier.
- 14 JOSEPHUS: Soon het ook gestem.
- 15 GEORGIE: Sê vir hom, Hendrik. Hy moet dit bietjie onthou.
- 16 ENSLIN: Hoe...hoe stem 'n dooie man?
- 17 JOSEPHUS: Wil u die notule sien? Georgie, jy het dit nog geskryf.
- 18 ENSLIN: (AMPER PLEITEND) Meneer Blignaut, ek was self op Soon Muller se begrafnis. Die man is dood. Twee jaar al. Sy borsbeeld daar is 'n beeld van 'n dooie man.
- 19 GEORGIE: Dood sê niks, Hendrik.

- 1 ENSLIN: Meneer Blignaut, 'n dooie man kan nie stem nie.
- 2 HENDRIK: Maar begryp jy nie? Toe ons gestem het, het hy geleef.
- 3 JOSEPHUS: Twee jaar gelede. By hierdie selfde tafel nog het ons gestem.
- 4 GEORGIE: Dieselfde middag voor sy dood. Hier het hy gesit, Hendrik. Hier by die oop plek.
- 5 JOSEPHUS: Hier by die oop plek.
- 6 GEORGIE: Waar sy beeld staan.
- 7 ENSLIN: Menere asseblief. Cobol se voorstelle is slegs 'n week oud.
- 8 GEORGIE: Nou ja.
- 9 ENSLIN: Nou ja?
- 10 GEORGIE: (POUSETJIE) Hy verstaan dit nie, Hendrik.
- 11 ENSLIN: U is heeltemal reg, meneer Steward. Ek verstaan dit nie. Ek verstaan niks! Heeltemal niks nie!
- 12 HENDRIK: Jy is onnodig opgewonde. Ons het destyds 'n vergadering gehou en eenparig oor destyds se soortgelyke voorstel gestem. Dis bindend. En ons het toe NEE gestem.
- 13 ENSLIN: Maar omstandighede het verander, meneer Blignaut.
- 14 HENDRIK: Maar ons firma nie. Dis dieselfde. En ons is nog nie bankrot nie.
- 15 JOSEPHUS: Syfers en statistieke beteken bloedweinig in ons soort besigheid. Kontakte, konneksies, dis wat tel.

- 1 ENSLIN: Ek onthou die vergadering twee jaar gelede baie goed. In hierdie selfde vertrek. Ons het almal op dieselfde plekke gesit as waar ons nou sit. Soon Muller was voorsitter en hy het op die plek gesit wat u vanmiddag vir hom oopgehou het. En net soos vandag was u firma in 'n benarde posisie. Nog erger. 'n Likwidasiëbevel was reeds uitgereik.
- 2 JOSEPHUS: Ons het ons firma gered, het ons nie?
- 3 GEORGIE: Ons het hard gewerk, Hendrik.
- 4 JOSEPHUS: Daar het niks gekom van al die verslae en statistieke nie. Syfers tel nie. Konneksies ja.
- 5 ENSLIN: (POUSETJIE EN AMPER EFFE RADELOOS) Meneer Blignaut, wat sou u sê het u in staat gestel om vir nog twee jaar aan te hou?
- STILTE
- Meneer Blignaut?
- 6 HENDRIK: Sulke vrae irriteer my eintlik. Jy weet tog van die kontantinspuiting wat ons gehad het. Verder weet jy tog ... geleenthede vir kapitaalkoördinering was volop. Fasiliteite was oral bekombaar. Jy is 'n finansiële man, jy weet mos hierdie dinge!

- 1 ENSLIN: Asseblief! Dit was nie soos u sê nie. U praat nie nou met 'n vreemdeling nie. Onder Soon se leiding kon u nêrens kom nie, onder u leiding ook nie. Ons het vandag hier 'n identiese situasie as wat ons twee jaar gelede gehad het as gevolg van identiese oorsake: 'n basiese onvermoë om oordeelkundige besluite te neem. Die afgelope twee jaar het u verliese van oor die vyf miljoen, amper ses miljoen opgestapel. Ek beledig u nie. Dis gewoonweg 'n feit. Ek kan nie sing nie. U kan nie 'n saak bestuur nie. Soon Muller nog minder.
- 2 GEORGIE: Soon was 'n goeie leier. Ons was lief vir Soon.
- 3 ENSLIN: Lief...? Voor sy dood kon u hom nie verdra nie. Dit was algemeen bekend. En nou het u hom....lief? Werklik merkwaardig.
- 4 JOSEPHUS: Wat weet u wat merkwaardig is en wat nie?
- 5 GEORGIE: Ons het vir Soon geken soos wat hy werklik was, nie waar nie, Hendrik?
- 6 JOSEPHUS: Soon was 'n man uit een stuk. 'n Man van sy woord. Ek onthou baie goed nog hoe onbeskof u teenoor hom was die dag met die vergadering twee jaar gelede.
- 7 ENSLIN: Dit was nie ek wat onbeskof was nie, meneer De Waal. Dit was Soon Muller wat onbeskof was.
- 8 GEORGIE: Soon lê in sy graf en hierdie man kom beledig hom, Hendrik.
- 9 JOSEPHUS: Soon Muller was 'n man uit een stuk.
- 10 ENSLIN: Miskien, maar uiters onsmaklik.

- 1 GEORGIE: Daar sê hy dit weer, Hendrik.
- 2 JOSEPHUS: Is dit nodig om so oor 'n geliefde ontslape kollega te praat?
- 3 ENSLIN: Ek begryp u gladnie. Toe Soon Muller geleef het, het u as kollegas hom nie voor u oë kon verdra nie. U het soos kat en hond baklei. Hoeveel keer moes ons as ouditeure en Servaas Kroukamp as u prokureurs nie inspring om die vrede te herstel en dooiepunte op te los nie. (POUSETJIE) Meneer Blignaut, u sê niks nie?
- 4 HENDRIK: Hierdie gesprek verveel my. Soon Muller het soms maar net eienaardig voorgekom. Eintlik was hy hoogs begaafd.
- 5 ENSLIN: Verskoon my as ek dit sê, so begaafd dat hy die firma tot in die afgrond in bestuur het. Hy was 'n baie swak sakeman.
- 6 GEORGIE: Hy gaan dit nie weer sê nie, Hendrik!
- 7 JOSEPHUS: U is werklik beledigend.
- 8 HENDRIK: Soon Muller se dood is vir ons 'n teer saak, kry dit in jou kop, meneer Enslin.
- 9 ENSLIN: (POUSETJIE) Wat sê ú meneer Blignaut. Wat dink ú van Soon Muller? (POUSETJIE) Meneer Blignaut?
- 10 HENDRIK: Van Soon? Jy het gehoor wat sê my kollegas. Ons is vir Soon lief, meneer Enslin.
- 11 GEORGIE: Soon Muller was 'n wonderlike mens, Hendrik. Dis hoekom ons sy borsbeeld laat maak het.
- 12 ENSLIN: Ja, teen oor die twintig duisend rand as ek reg onthou.
- 13 HENDRIK: Hy het dit verdien man.
- 14 JOSEPHUS: Dubbel en dwars.

- 1 ENSLIN: U praat nie die waarheid nie, Menere. Met respek, eintlik lieg u. Soon Muller was 'n mislukking.
- 2 JOSEPHUS: Jy sal dit nie weer sê nie.
- 3 GEORGIE: Ons moet hom hier uitgooi, Hendrik.
- 4 ENSLIN: Soon Muller was 'n uiters onsmaaklike mens. Hy het nie 'n enkele vriend gehad nie. 'n Bullebak alleenloper sonder kind of kraai. 'n Vroeë graf vir sy eensame vrou, lui die storie op kantoor. Hy was lid van geen klub of vereniging nie omdat niemand hom daar wou hê nie. Eintlik was hy te onbeskof en het hy te veel gedrink.
- 5 JOSEPHUS: Jy's beledigend. Ons is sy vriende. En hy was ons vriend, ons beste vriend.
- 6 GEORGIE: Ons hier ja.
- 7 ENSLIN: Dis nie so nie, Menere. Hy kon u nie uitstaan nie. En u kon hom nie uitstaan nie. (POUSETJIE) U durf dit nie ontken nie, meneer Blignaut. U kon stik aan hom.
- 8 HENDRIK: Soon was 'n man van sy woord.
- 9 ENSLIN: 'n Merkwaaardige metamorfose aan u kant, meneer Blignaut?
- 10 HENDRIK: Ek gee toe ons het ons verskille gehad. En eers toe hy dood is, toe sien ons.
- 11 GEORGIE: Toe sien ons eers, ja.
- 12 ENSLIN: (POUSE) Wat... wat sien u toe, meneer Blignaut?

STILTE

Nou maar goed, u sien toe niks.

- 1 HENDRIK: Dis g'n jou sake nie man. Dis genoeg as óns hier weet. Jy was destyds verkeerd of ons sou oorleef of nie, en jy is nou weer verkeerd.
- 2 GEORGIE: En ons hét oorleef, Hendrik.
- 3 JOSEPHUS: Twee jaar al.
- 4 HENDRIK: Jy was verkeerd, meneer Enslin.
- 5 ENSLIN: Verkeerd meneer Blignaut? Ek was slegs verkeerd omdat u 'n kontantinspuiting na Soon Muller se dood gekry het en ek nie vooraf daarvan geweet het nie. (POUSETJIE) 'n Baie groot kontanttjek van die versekeraars af.
- 6 GEORGIE: Dit was ons geld, Hendrik.
- 7 JOSEPHUS: Elke pennie, elke sent, elke sent daarvan. Vista s'n.
- 8 ENSLIN: Vyf miljoen rand s'n, ja, plus nog 'n miljoen vir die ongeluksdekking. Ses miljoen! En waar is dit vandag?
- 9 JOSEPHUS: Alles haarfyn in my boeke opgeteken. Bedryfskoste in 'n maatskappy is hoog, dis wat ouditeure moet verstaan.
- 10 ENSLIN: U het elke sent daarvan verloor, en nog meer. Oor die vyf miljoen Rand. Amper ses. Of eerder, meneer Blignaut: u het dit sélf opgebruik. Vir elke rand wat u kollegas sáám gebruik het, het u twéé gebruik.
- 11 GEORGIE: Maar dit was óns geld, Hendrik.
- 12 JOSEPHUS: Van Soon af.
- 13 GEORGIE: Ja, van Soon af.
- 14 ENSLIN: Van die versekeraars af, bedoel u.
- 15 HENDRIK: Jy weet tog self Soon was die sleutelman in die maatskappy.

- 1 GEORGIE: Soon was ons sleutelman, ja.
- 2 HENDRIK: En by sy dood het die versekeraars bloot hulle kontraktuele verpligtinge nagekom.
- 3 JOSEPHUS: Eintlik was hy baie meer werd as die ses miljoen Rand tjek.
- 4 GEORGIE: Ja, baie meer.
- 5 HENDRIK: Sy ongeluk die aand in die bergpas was 'n tragedie.
- 6 GEORGIE: Van sy kar se wrakstukke het weke daarna nog uit die see gespoel. Jy het nog die koerante gebêre, Hendrik.
- 7 JOSEPHUS: Maar sy liggaam was voor, binne in die kar. Heeltemal verkool, het die polisie gesê.
- 8 GEORGIE: Dit was toe die kar aan die brand geslaan het onder op die rotse.
- 9 ENSLIN: Ek weet tog al hierdie dinge, Menere. Soon Muller het te vinnig op die nat pad gery en toe van die krans af onder op die rotse in die see gestort. Twee honderd meter ver. 'n Ongeluk. Die ses miljoen van die versekeraars was 'n groot uitkoms vir u.
- 10 JOSEPHUS: Dit kan nooit opmaak vir Soon self nie.
- 11 GEORGIE: Nooit nie, Hendrik.
- 12 HENDRIK: Dit was vir ons almal 'n groot skok.
- 13 GEORGIE: Ek sal dit nooit vergeet nie.
- 14 JOSEPHUS: As hy maar saam met ons by die klub gaan eet het, die aand.
- 15 GEORGIE: Maar toe sê hy hy moet 'n kliënt gaan sien.
- 16 JOSEPHUS: Soon het Vista altyd eerste gestel.

- 1 GEORGIE: Ja, hy was ons sleutelman.
- 2 JOSEPHUS: Ons was al klaar geëet, en dit was net toe ons wou opstaan om te loop – ek onthou nog hoe vol nukke my rug was die aand - en toe kom sê hulle ons.
- 3 GEORGIE: Ai, Hendrik, dis soos gister.
- 4 ENSLIN: Dis maar goed dat u die aand saam in meneer Blignaut se klub deurgebring het. Anders kon daar dalk vrae oor Soon Muller se dood ontstaan het.
- 5 HENDRIK: Daar was baie vrae. Onnodige vra. Vrae wat seergemaak het.
- 6 GEORGIE: Bitter seer, Hendrik.
- 7 JOSEPHUS: Asof ons rampokkers was wat Soon van die krans af gestamp het. Ek het dit baie keer ook so vir die polisie en die versekeraars gesê. Soon se lewe was meer werd as die ses miljoen waarvoor hy verseker was.
- 8 HENDRIK: Wanneer gaan mense ooit ons ontsteltenis begryp? Vrae oor ons drie se motiewe en optrede met Soon se ongeluk. Weet jy hoeveel skade het dit my reputasie in hierdie stad aangedoen?
- 9 ENSLIN: Ek kan dit baie goed begryp, meneer Blignaut, en ek is ook bly dat die ondersoekbeamptes bevind het dat u absoluut niks met die ongeluk te doen kon gehad het as u die hele tyd in die klub was nie. U name is wat dit betref, heeltemal skoon.

- 1 HENDRIK: Uiteraard. Die uitbetaling na Soon se dood was 'n kontraktuele verpligting volgens die polisse op Soon se lewe. Die lewenspolis plus die gekoppelde ongelukspolis.
- 2 ENSLIN: Die gesprek gaan nie oor die polisse nie meneer Blignaut, maar wel oor die swak aanwending van die uitbetaalde gelde wat gelei het tot u huidige benarde posisie. Laat ek vir u die som maak, meneer Blignaut. Toe ons verlede week Vista se state optrek, vind ons dat u sedert Soon se dood twee komma agt miljoen Rand méér uit die firma getrek het as u vennote hier. Twee komma agt miljoen meer!
- 3 HENDRIK: Dit het absoluut niks met ouditeure te doen nie, kêrel!
- 4 ENSLIN: Nie? U as alleenloper verdien vier keer meer as u kollegas hier. Drie-vier oorsese reise die afgelope 2 jaar? Rojale skenkings aan hoëprofiel instellings? Die Vriende van die Stoomtrein! Die Vereniging van Blombolkwekers...! Ek kan aangaan en nog...(’n hele paar ander noem.)
- 5 HENDRIK: (VAL IN REDE) Alles my saak! My naam in hierdie stad verg dit van my.
- 6 ENSLIN: En die kwartmiljoen se nuwe versekeringspremies die afgelope twee jaar?
- 7 JOSEPHUS: Dis op Hendrik se lewe hier.
- 8 GEORGIE: Jy is ons sleutelman, Hendrik. Sê hom.
- 9 JOSEPHUS: ’n Man uit een stuk. Dis wat hy is.

- 1 ENSLIN: Ek sien. (KUG VERLEË) In...in die nuwe state is daar 'n bedrag van oor die dertig duisend vir 'n brons borsbeeld. Watse beeld?
- 2 JOSEPHUS: (POUSE) Van Hendrik hier.
- 3 GEORGIE: Hendrik, jy is tog ons voorsitter. Kan hy dit nie in sy kop kry nie?
- 4 ENSLIN: Ek...(BLY STIL) Menere, maar begryp u dan gladnie?
- 5 HENDRIK: Ons begryp maar net te goed, kêrel. Dis eintlik jý wat nie begryp nie. Daar is baie waardering van my kollegas hier vir wat ek vir hierdie firma en die algemene sakewêreld in die stad beteken. Dis op hulle aandrang dat die beeld gemaak is.
- 6 ENSLIN: En gaan u die...Gaan u die beeld hier in Vista se kantoor vertoon?
- 7 JOSEPHUS: Meneer Blignaut wil nie daarvan hoor nie en hy skenk dit dus aan die handelskamer. Dis die regte plek vir so 'n beeld.
- 8 GEORGIE: In die raadsaal.
- 9 ENSLIN: Die handelskamer se raadsaal. Ek sien. Is dit nie miskien voortydig om so 'n borsbeeld aan die handelskamer te skenk terwyl u firma in so 'n benarde posisie verkeer nie? U kan in 'n groot verleentheid beland.

- 1 HENDRIK: Dis duidelik dat jy nie 'n snars weet van wat ek in al my jare vir hierdie stad se sakewêreld gedoen het nie. Daar is dinge soos eer! Soos eie trots! Jy verstaan dit nie, en dis hoekom jy twee jaar gelede verkeerd was. Nou is jy weer verkeerd. En dis hoekom ons vandag NEE gestem het.

STILTE

- 2 JOSEPHUS: Hoor u, NEE, met vier stemme teen nul.
- 3 GEORGIE: Vier NEE stemme ja.
- 4 HENDRIK: Het jy gehoor, meneer Enslin? Ons aanvaar nie Cobol se aanbod nie. Laat ek dit duideliker stel: ek verdaag hierdie vergadering nou.
- 5 ENSLIN: En dis dan u finale antwoord?
- 6 HENDRIK: Dit is, ja.
- 7 ENSLIN:: Ek sien.
- 8 HENDRIK: Totsiens dan, meneer Enslin. Josephus sal saam met jou tot in die portaal stap. Mens moet hierdie hysbakke verstaan anders is dit 'n gesukkel.
- 9 JOSEPHUS: (STAAN OP EN DOOF WEG) Stap voor asseblief. Laat ek u liewer help.

KORT ONHEILSPELLLENDE MUSIEKBRUG

- 10 JOSEPHUS: (TERUG OP MIK) Die middelste hysbak is nog steeds stukkend. En die rooi lint hét losgekom. Dit lê op die vloer.
- 11 HENDRIK: Soos ons uitgewerk het.

- 1 JOSEPHUS: Hierdie Enslin man was skoon op sy senuwees toe ek hom die oop skag wys. Ek sê hom dis net een of ander kortsluiting as iemand per ongeluk drie of meer knoppies tegelyk druk, dat die ding in die kelder vashaak.
- 2 HENDRIK: Pennelekker. Dis wat hy is.
- 3 JOSEPHUS: Maar...maar hy sal nooit weet wat...(ons uitgewerk het nie.)
- 4 HENDRIK: (VAL IN REDE) Niemand gaan ooit weet nie. Niemand nie! Net ons wat dit presies uitgewerk het. Hoe laat het jy die knoppe gedruk, Georgie?
- 5 GEORGIE: Kwart voor vyf. Op die kop. Josephus?
- 6 JOSEPHUS: Ek was by ja. Presies kwart voor vyf.
- 7 GEORGIER: Ons het in die garage in die kelder rondgewag tot kwart voor. Toe eers het ek dit gaan druk. Van buite af my arm by die hysbak ingestek en drie knoppies tegelyk gedruk. Toe gaan hy omtrent twee voet op en steek vas. Nes die vorige kere.
- 8 JOSEPHUS: En kwart voor was te laat vir die hysbakmense om dit te kom regmaak. Nou kom hulle eers môre.
- 9 HENDRIK: Môre is mosterd na die maal en dit pas ons. Kwart voor was die regte tyd. Ons het dit goed uitgewerk. Baie goed.
(POUSETJIE) En hierdie Enslin vent het die rooi lint op die vloer gesien,
- 10 JOSEPHUS: Definitief. Hy wou dit nog optel en weer probeer aansit maar toe kom die ander hysbak en toe los hy dit maar.
- 11 HENDRIK: Wat het hy nog te sê gehad?
- 12 JOSEPHUS: Niks nie Hendrik. Niks nie. Net sy kop geskud en gegroet.

1 HENDRIK: Pennelekker. Genoeg van hom. Waar is ons nou, Georgie?

2 GEORGIE: Ons moet bel. Gaan...gaan jy nou bel, Hendrik? Of eers
bietjie later?

3 HENDRIK: Hoe laat is dit? Amper sewe-uur. Goeie tyd.

4 JOSEPHUS: Ek kry die klub op die lyn vir jou.

BYKLANKE: GESKIKTE ELEKTRONIESE BIEPS (LANDLYN)

5 JOSEPHUS: Is dit Goede Hoop se restaurant? Bly op die lyn asseblief, vir
meneer Hendrik Blignaut. Hendrik.

6 HENDRIK: (NA POUSE) Hendrik Blignaut hier. Ek bel om te sê daar is
'n tafel vir-

Ja naand. Luister, ek het 'n tafel vir drie bespreek vir halfagt.

Ja, dis vir Hendrik Blignaut en twee gaste. (POUSETJIE)

Halfagt, sê ek mos. Die saak staan so: ek gaan 'n halfuur of

so laat wees. Maar my gaste gaan reeds halfagt daar wees,

of dalk nog vroeër. Wat ek wil hê, is julle moet solank na

hulle omsien in die sitkamer of in die kroeg en-

(POUSETJIE) Ek weet dit mos man! Die klub se reëls is daar

om gebuig te word as dit nodig is. Ek weet ek moet by hulle

wees maar ek kan nie, en ek vra nou vir julle om na hulle om

te sien sodat hulle nie- (POUSETJIE) Snert! Dis Hendrik

Blignaut hier en vir jou inligting ek is op Goede Hoop se

komitee en ek aanvaar verantwoordelikheid vir hulle doen en

late al is ek nie daar nie! (POUSETJIE) Nou goed dan. Dan

verstaan ons mekaar. Dis 'n meneer George Steward en

meneer Josephus de Waal, mededirekteure van Vista

1Hendrik (verv) Konsultante, en, wat ek nou wil hê is dit, bedien vir hulle drankies of versnaperings of wat hulle ookal wil hê, ek sal so agtuur daar wees. Het jy dit? Goed.

BYKLANKE: FOON TERUG OP MIKKIE

- 2 HENDRIK: Dis gedoen. Hoekom ek gunste en gawes by kelners moet afsmeek!
- 3 GEORGIE: Ek dink ek sal net 'n whisky bestel. Met soda en ys.
- 4 JOSEPHUS Ek ook. Sal ook goed wees vir hierdie hoesie. Maar net 'n enkel. Want ek wil nie hê dat mense dink ons het sit en drink in Klub Goede Hoop terwyl jy ...Ek meen...(BREEK AF)
- 5 GEORGIE: Dis...dis 'n belangrike aand.
- 6 JOSEPHUS: En ons reëlings moet reg verloop.
- 7 HENDRIK: Ja, dit moet reg verloop. (AFGETROKKE) Alles moet reg verloop. (GESKIKTE POUSETJIE) Waar was ons?
- 8 GEORGIE: (KUGGIE) Sê...sê weer wat sê Tim Havenga alles, Hendrik.
- 9 JOSEPHUS: Hy is tog Simmonds se voorsitter, Hendrik. Hy kan mos nie dat hulle nuwe mense sommer so óór ons loop nie.
- 10 HENDRIK: Ek het julle mos reeds gesê. Dis maar net dat ons nie die kapasiteit het nie. Ons kry nie die projek nie.
- 11 GEORGIE: Watse kapasiteit meen hy?

- 1 HENDRIK: (SUG) Wat sal dit help, Georgie. Dieselfde ou storieltjie oor en oor. Ons het nie die nodige kennis van geologie nie, of nie die nodige ingenieurservaring, of die nodige infrastruktuur om hulle skakelwerk in die media te hanteer nie. En-so-voorts. En-so-voorts. Jy hoor mos wat sê die ouditeur kêrel.
- 2 JOSEPHUS: En... en sê Tim hulle gaan vir ons 'n brief skryf oor die kontrak?
- 3 HENDRIK: Ja. Hy stuur dit volgende week.
- 4 GEORGIE: En Servaas, Hendrik? Wat sê hy?
- 5 HENDRIK: (POUSETJIE) Jy meen wat sê hy van die wet? Of meen jy nou van...van die tweede saak?
- 6 GEORGIE: Ek meen...sê eers van die wet, Hendrik? Jy het hom seker nie gesê van die nuus van Simmonds nie?
- 7 HENDRIK: Jy moet jou kop laat lees, Georgie! Al is hy ons vriend van baie jare, Servaas Kroukamp is 'n prokureur en hy moet sê wat reg is, wat die wet sê.
- 8 JOSEPHUS: Dan moet hy mos sê ons doen niks verkeerd nie.
- 9 HENDRIK: Hy sê so ja. Hy sê ons is nie bankrot nie. Hy sê as ons die kontrak kry, kan ons ons koppe hoog hou. Soos ek al my lewe lank my kop hoog hou.
- 10 GEORGIE: Servaas is aan ons kant. Nie soos hierdie ouditeur kêreltjie nie.
- 11 JOSEPHUS: Maar wat nou van...wat van die tweede saak, Hendrik?
- 12 GEORGIE: (POUSETJIE) Hendrik?

- 1 HENDRIK: Hy het die dokumente gelees ja.
- 2 JOSEPHUS: En?
- 3 HENDRIK: Hy is tevrede. (POUSETJIE) En hy is ontevrede.
- 4 JOSEPHUS: Dis tog onmoontlik. Tevrede én ontevrede?
- 5 HENDRIK: Hy sê my polis is geldig en waterdig. (POUSETJIE) En Vista
ís die eienaar.
- 6 JOSEPHUS: En die kleinskrif?
- 7 HENDRIK: Servaas sê alles is 100%. Die premies is deur die bank en
die polis is uitgereik. Al val die hemele, die polis is geldig.
- 8 GEORGIE: Maar dan kan hy mos nie ontevrede wees nie?
- 9 HENDRIK: Hy sê ons kon dit nie bekostig nie. Selfs al kry ons die
Simmonds kontrak. Wat wil ons met so 'n polis maak?
- 10 JOSEPHUS: Maar die polis bly geldig?
- 11 GEORGIE: En jy ís tog die sleutelman?
- 12 HENDRIK: Servaas sê ons kan maak met ons geld wat ons wil maar om
amper honderd en dertig duisend rand 'n jaar vir premies te
betaal het, was te veel. Ons kon dit nie bekostig nie, dink hy.
- 13 JOSEPHUS: Maar sê jy hom dit was die enigste manier wat die
versekeraars die polis wou uitreik, 'n volle jaarpremie vooruit?
- 14 GEORGIE: Oor 'n kwart miljoen wou hulle hê vir die twee jaar wat verby
is.
- 15 JOSEPHUS: En 'n duisend vrae ook nog daarby.

- 1 GEORGIE: Of jy dit werd is of nie. Of jy 'n sleutelman is of nie. Of jy belangrike kontrakte in stand kan hou of nie. Of dit of dat. Dan ook nog twee dae in die hospitaal die tyd vir die ondersoeke.
- 2 JOSEPHUS: En vrae en vrae en vrae. Rook jy, drink jy, het jy 'n graad, het jy dit, het jy dat. Hoekom moet jy 'n graad hê vir 'n polis?
- 3 HENDRIK: Dis vir baie geld. Tien miljoen is baie geld.
- 4 JOSEPHUS: En nog twee miljoen vir die ongeluksdekking. Altesaam twaalf miljoen. Ek het nog al die notas.
- 5 HENDRIK: En Servaas wil ook weet waar ons volgende week honderd en dertig duisend rand gaan kry vir die derde jaar se premie.
- 6 JOSEPHUS: En...?
- 7 HENDRIK: Ek sê hom...Ek sê hom ons reëlings is in plek. Maar toe wou hy ook weet van die uitbetaling. Hoekom so baie geld?
- 8 JOSEPHUS: Jy meen as jy nou sou...(BREEK AF)
- 9 HENDRIK: (POUSETJIE) Ja, as ek iets sou oorkom.
- 10 GEORGIE: Ons weet mos.
- 11 HENDRIK: Twaalf miljoen Rand ja as dit 'n ongeluk is.
- 12 JOSEPHUS: Dink Servaas ons sal dit verkeerd uitgee?
- 13 GEORGIE: Maar ons het alles mos presies uitgewerk. Saam met daardie klerkie van die boedelmense.
- 14 JOSEPHUS: Die krediteure, die bank, die belasting, Alida van der Spuy se geld ook. En dan die dividende. As ons Vista toemaak. Alles hier in my notas.
- 15 GEORGIE: Alles haarfyn mos. As ons Vista toemaak.

- 1 HENDRIK: Ek weet dit. Maar Servaas nie. Waar is die staat van uitgawes wat ons uitgewerk het, Josephus? Wat staan daar alles? Nou nie die hele storie van voor tot agter nie. Net die hoofpunte.
- 2 JOSEPHUS: (PAPIERE RITSEL, ENS) Ek hou dit apart hier agter op 'n los bladsy. (PAPIERGERITSEL. LEES OPSOMMEND) A, hierso... Dis eers Alida se geld van 1 miljoen Rand.....dan die uitgawes op hierdie ander lysie, sowat 'n honderd duisend....en die bank en die krediteure 'n kwart miljoen...en dan die eerste belasting en dan weer die sekondêre belasting...alles tesaam is twee komma sewe miljoen Rand. En dan bly daar agt komma vier oor en verdeel deur drie is dan twee komma agt miljoen Rand se dividende elk.
- 3 HENDRIK: Dis reg ja. Twee komma agt miljoen elk. Dis soos ek dit het.
- 4 GEORGIE: Ek ook. Twee komma agt miljoen vir elkeen. As ons drie is.
- 5 HENDRIK: (EFFEKTIEWE POUSE) Maar ons deel deur twee. Soos ons reëling is. Dan is dit vier komma twee miljoen elk...vir julle.
- 6 GEORGIE: Ons deel deur twee ja. (EFFENSE POUSE) Gaan dit lank...Ek meen gaan dit alles lank vat, Hendrik?
- 7 HENDRIK: Dit hang alles af van wanneer...wanneer dit gebeur.
- 8 JOSEPHUS: En die ondersoek ook. Ondersoeke vat lank. Nes laaskeer.
- 9 GEORGIE: Soos met Soon ja.
- 10 JOSEPHUS: Maar ons name was skoon.
- 11 GEORGIE: Ons was nie eers by nie.
- 12 JOSEPHUS En dit was duidelik 'n ongeluk.

- 1 GEORGIE: Soos nou ook. Duidelik 'n ongeluk.
- 2 HENDRIK: Duidelik ja. En die som bly dieselfde: die verdeling ná die ongeluk is deur twee. Josephus, jy en Georgie. Elkeen vier komma twee miljoen Rand.
- 3 JOSEPHUS: Elkeen kry dan sy volle deel. Hier op my lys staan dit. Ek - een komma vier ekstra, en Georgie - een komma vier ekstra. Saam maak dit dan 'n volle twee komma agt miljoen.
- 4 HENDRIK: (POUSE) Die twee komma agt wat ek al gekry hét. Rééds by julle gekry het.
- 5 GEORGIE: Reeds gekry het, ja. Die afgelope twee jaar. Jou te veel geld.
- 6 JOSEPHUS: Die ouditeur kêrel het dit ook so uitgewerk. Hier staan dit. Ek kan dit onderstreep en dan- Hierdie pen skryf sleg.
- 7 GEORGIE: En dis twee komma agt miljoen.
- 8 HENDRIK: (POUSETJIE) Die ekstra twee komma agt wat julle nou kry, is eintlik maar net 'n agterskot.
- 9 JOSEPHUS: 'n Agterskot ja.
- 10 GEORGIE: My pa-hulle se mense was koringboere. En hulle het altyd 'n agterskot gekry. Dit was 'n goeie reëling, het die oumense gesê.
- 11 HENDRIK: (POUSE) Ons het ook 'n goeie reëling. Hierdie agterskot. (POUSE) Ek....ek betaal dit nou maar net terug. Dis tog ons reëling.

- 1 JOSEPHUS: Dan is dit goed, Hendrik. Maar- Maar wat sê Tim Havenga nog?
- 2 HENDRIK: Hy sê ons is almal oumense. Hy ook.
- 3 GEORGIE: En nog?
- 4 HENDRIK: Hy sê ons is almal niks werd nie.
STILTE
Hy sê ons moet loop. Ons is in almal se pad. Hy sê hý ook.
STILTE
- 5 GEORGIE: Ons is, nè Hendrik. In almal se pad.
- 6 JOSEPHUS: Ons hinder almal seker.
STILTE
- 7 HENDRIK: Ja. Ons hinder almal.
STILTE
Maar ons gaan niemand meer hinder nie. Na ek...Hierna sal ons niemand meer hinder nie.
- 8 GEORGIE: (POUSETJIE) Hendrik....?
- 9 HENDRIK: Wat?
- 10 GEORGIE: Ons...ons het gedink, ek en Josephus.
- 11 HENDRIK: Wat?
- 12 JOSEPHUS: Ons het gedink Hendrik. Miskien...(sal dit beter wees)
- 13 GEORGIE: (VAL IN REDE) Ons het gedink hoekom los ons nie maar die hele ding nie, Hendrik..?
- 14 JOSEPHUS: Die prys is te hoog. Dit sal vir...(vir ons almal net)

- 1 HENDRIK: (VAL IN REDE) Glad en geheel nie! Vergeet dit! Ek, Hendrik Blignaut, bankrot en armlastige! Skandemaker wat strate vee en kos by die oumenshuise bedel? Nee! Ons gaan voort! Ons het ons trots! Ons bly by ons reëlings en dit sal so staan in die verklaring wat julle maak van Vista wat julle toemaak? Jy het mos die verklaring daar, Georgie. Lees dit weer.

PAPIERE RITSEL

- 2 GEORGIE: Ek het dit hier ja. (KUGGIE.) Hm. Hm. “Staatmakerfirma sluit deure. Die direkteure van die bekende skakel- en kommunikasiegroep, Vista Konsultante, het vandag aangekondig dat hulle alle werksaamhede staak en uit die hoofstroom van die stad se sakelewe onttrek. Die direkteure het by monde van menere Josephus de Waal en George Steward hulle skok en hartseer oor die skielike heengaan van die maatskappy se uitvoerende voorsitter, die bekende Hendrik Blignaut, uitgespreek en gesê dat...(die stad se sakewêreld)
- 3 HENDRIK: (VAL IN REDE) Stop eers! Ek dink dit moet “alombekende” Hendrik Blignaut wees. Daar is my rol op ander gebiede ook. Soos dit nou daar staan, dink mense ek was heeldag net agter geld aan.
- 4 GEORGIE: Alombekende? Definitief beter. Moet ek dit een woord maak Hendrik, of twee woorde?
- 5 HENDRIK: Duidelik een woord. Dit is kernagtiger, meer gekonsentreerd.

- 1 GEORGIE: Goed. Dan lees dit ... “...die skielike heengaan van die alombekende Hendrik Blignaut uitgespreek en dat dit in die beste belang van Vista se kliënte en alle ander rolspelers sal wees om die maatskappy se aktiwiteite op te skort en uit te tree. Die leemte wat die...(heengaan van Hendrik Blignaut)
- 2 HENDRIK: (VAL IN REDE) Sal die woord “lugleegte” nie meer treffend wees nie, Georgie?
- 3 GEORGIE: Lugleegte, Hendrik? Hou jy meer daarvan as van “leemte”?
- 4 HENDRIK: Lugleegte ja. Dis beter. Sterker.
- 5 GEORGIE: Goed dan. Die lugleegte wat Hendrik Blignaut gelaat het, sal-
- 6 HENDRIK: Dis nog nie duidelik genoeg nie. Luister.....”Die lugleegte wat Hendrik Blignaut gelaat het...” Jy moet ’n beskrywende woord insit wat iets meer vertel van Hendrik Blignaut.
- 7 GEORGIE: Jy meen nou “beroemde...” of dalk- Wat van “bepaamde...”?
- 8 HENDRIK: Wat van....”formidabele...”?
- 9 GEORGIE: Dís die woord wat ek soek...! “Formidabele...”! Baie goed. Nou lees dit: ... “die lugleegte wat die formidabele Hendrik Blignaut gelaat het, sal vir hulle as betreklik bejaarde persone onmoontlik wees om te vul en dat hulle op hulle oudag eerder graag hulle aandag aan hulle persoonlike sake en belangstellings wil wy.” (HOU OP LEES) Ek wou nie spesifiek sê van my duiwe nie. Of ook van Josephus en sy sake met...(sy versameling nie)
- 10 JOSEPHUS: (VAL IN REDE) Jy was reg, Georgie. Niks van my versameling nie.

- 1 HENDRIK: Goed so Georgie. Gaan aan.
- 2 GEORGIE: (MAAK KEELSKOON EN LEES VERDER) “Reëlings is in plek om alle krediteure te betaal en enige ander verpligtinge wat die maatskappy mag hê, ten volle na te kom. Verskeie instansies het...(intussen navraag gedoen.)”
- 3 HENDRIK: (VAL IN REDE) Stop eers weer daar. Gaan terug na....wat was dit nou weer? Ja, dis reg: “die skielike heengaan” van die maatskappy se voorsitter. Ons soek iets... soos.....”afsterwe” dalk?
- 4 GEORGIE: Of...of wat van “oorlye”? Dis- dis dalk meer respekvol en dalk meer geskik...(as ’n doodgewone uitdrukking soos)
- 5 HENDRIK: (VAL IN REDE) Dis die woord ja. Oorlye.
- 6 JOSEPHUS: Skielike oorlye is beter, Hendrik, ek stem ook. Dis meer respekvol.
- 7 GEORGIE: Goed, dan lees dit... “skielike oorlye van die maatskappy se voorsitter...” Is dit reg so, Hendrik?
- 8 HENDRIK: Dis goed ja. Die res onthou ek nou. Maar...laat ek dink, daar was tog iets. Jy sê niks van die handelskamer nie?
- 9 GEORGIE: Ek het wel hier (PAPIERGERITSEL)...hier op die tweede bladsy...(iets geskryf daaroor)
- 10 HENDRIK: (VAL IN REDE) Ek onthou nou ja. Los dit soos wat jy dit het. Die koerante sal self verder daarvan skryf. Jou aankondiging moenie soos ’n bekookte ding klink nie.
- 11 JOSEPHUS: Wat nog Hendrik, voor...voordat ons gaan?
- 12 HENDRIK: Die wag in die voorportaal hier onder. Dis uiters belangrik.

- 1 GEORGIE: Jy sal mos bel?
- 2 JOSEPHUS: Nes ons onder is?
- 3 GEORGIE: Met die duskantste hysbak vat dit ons 45 sekondes vir die 15 verdiepings as hy nie langs die pad stop nie.
- 4 JOSEPHUS: Presies 45 sekondes.
- 5 HENDRIK: Dit weet ek mos, ons het dit hoevele kere gemeet!
- 6 GEORGIE: En hy sal nie stop nie, Hendrik. Ek hou net heeltyd my vinger op die knoppie vir die portaal.
- 7 JOSEPHUS: Dan stop hy mos nie langs die pad nie. Outydse hysbakke is so. (VRAEND) Hendrik?
- 8 HENDRIK: Ek het sit en dink. Sê nou maar julle gaan af en ek wag, sê maar ek wag 50 sekondes, en ek bel die wag in die voorportaal. En ek sê hom hy moet een van julle na die foon toe roep, julle het iets hier bo vergeet. En dan sê...(julle net vir hom)
- 9 GEORGIE: (VAL IN REDE) Maar dis mos soos ons gereël het, Hendrik. Hy roep een van ons na die foon toe en jy sê ons het 'n dokument hier bo vergeet en of jy dit moet saambring na die ete toe en ek sê...(jy moenie vergeet om)
- 10 HENDRIK: (VAL IN REDE) Máár! Sê nou net sy foon is beset!!
STILTE
Wat dan! Josephus? Georgie?
- 11 GEORGIE: Dan...?
- 12 JOSEPHUS: Dan...?
- 13 GEORGIE: Dan ...Hoe maak ons dan, Hendrik?

- 1 HENDRIK: Eenvoudig Georgie. Julle wag. Staan by sy toonbank en wag! Wag totdat hy die foon neersit!
- 2 GEORGIE: En dan Hendrik?
- 3 HENDRIK: Dan, Georgie, dan vra julle hóm om my te bel! Julle wil vir my iets sê! Ek sal sorg dat my foon onbeset bly tot hy deurkom.
- 4 GEORGIE: Maar...maar hoekom bel ons jou, Hendrik?
- 5 JOSEPHUS Wat...wat wil ons vir jou sê, Hendrik?
- 6 HENDRIK: Enigiets! Sê enigiets, net wat julle wil. Sê ek moet 'n lêer saambring of 'n dokument wat julle per ongeluk hier bo vergeet het, en dat julle nie nou weer wil opgaan nie.
- 7 GEORGIE: Watse lêer dink jy...het ons daar bo vergeet, Hendrik?
- 8 HENDRIK: Dit maak g'n stuk saak nie man! Sê sommer Simmonds se lêer! Enigiets!
- 9 GEORGIE: Ek sal sê dis Simmonds se lêer. Die bloue.
- 10 HENDRIK: Maak nie saak wat jy sê nie! Die enigste doel van die oproep is dat DIE-WAG-MET-MY-MOET-PRAAT-EN-WEET-DAT-EK-NOG-IN-MY-KANTOOR-SIT!! Kry dit in julle koppe! Die wag praat met my in my kantoor en julle twee staan voor hom by sy toonbank. Al wat belangrik is, is dat hy agterna kan sê dat toe hy met my gepraat het, was julle nie meer saam met my in die kantoor nie!
- 11 GEORGIE: Dis...dis 'n slim plan, Hendrik.
- 12 JOSEPHUS: Dis 'n baie slim plan.

- 1 HENDRIK: Natuurlik! Julle was alreeds op pad uit. As ek dan nou agterna- sê nou maar agterna...iets moet oorkom, het dit mos nou niks met julle te doen nie. Julle was toe al weg.
- 2 JOSEPHUS: Dit is waar, Hendrik! As jy...ek meen, dan is ons mos reeds by Goede Hoop.
- 3 GEORGIE: En almal sal weet...almal sal dan mos weet dit het niks met ons te doen nie. Ons was mos nie hier nie...toe dit gebeur het nie. Ons name sal skoon wees.
- 4 HENDRIK: Silwerskoon! Julle sit lekker in die kroeg by Goede Hoop en drankies drink.
- 5 GEORGIE: Ek gaan net een whisky drink. Mense moenie dink ons is gedrink of so nie.
- 6 JOSEPHUS: Een whisky, ja, net een. Maar dis goed ook vir die hoesie.
- 7 GEORGIE: Sal hulle...ek meen nou, sal hulle ons kom sê?
- 8 HENDRIK: Hoe anders! Die wag in die voorportaal het almal se selnommers. En as dit nou gebeur...Ek meen, nadat alles gebeur het, dan wil hy vir julle bel en daarvan sê. Ons is mos kollegas en hy ken julle mos al jare. En dan...dan kyk hy net op sy lys en bel julle. Eenvoudig.
- 9 GEORGIE: Wanneer dink jy sal hy bel, Hendrik, ek meen...sal hy, ek meen nou wanneer alles...gebeur het?
- 10 HENDRIK: Presies. Wanneer alles gebeur het. Eers die polisie. En dan vir julle.
- 11 GEORGIE: Maar omtrent hoe laat?

- 1 HENDRIK: Ons het mos uitgewerk. Ek wag tot so kwart voor agt. Dan is julle al lankal in Goede Hoop. Amper 'n halfuur van nou af.
- 2 GEORGIE: Eers die polisie en dan vir ons.
- 3 JOSEPHUS: Maar seker so net voor agt.
- 4 HENDRIK: Bietjie later dink ek. Daar gaan eers chaos wees. Al die polisie en mense wat rondhardloop. Ná agt dink ek.
- 5 JOSEPHUS: En die polisie gaan weer baie vrae hê.
- 6 HENDRIK: Laat hulle vra wat hulle wil. Dis die koerante wat vir julle in 'n hoek gaan probeer dryf. Maar julle weet mos wat om te sê. Georgie?
- 7 GEORGIE: Ek het alles hier, Hendrik.
- 8 JOSEPHUS: Georgie sal moet praat. Hy het alles neergeskryf en geoefen wat ons gaan sê.
- 9 HENDRIK: Moet dit nou tog nie van 'n papier af gaan staan en lees nie, Georgie!
- 10 GEORGIE: Maar ek sal mos nie Hendrik. Eers gaan ek net sê ons is te geskok en te bedroef om iets te sê. Ons sal later sê wat...Nee wag, laat ek... (net eers weer kyk.)
- 11 HENDRIK: (VAL IN REDE) Sê net julle sal môre of later....reagéér! Dis die woord wat jy soek.
- 12 GEORGIE: Reageer. Dis reg. Reageer.
- 13 HENDRIK: En gaan julle terug kantoor toe? Onthou wat julle belowe het.
- 14 JOSEPHUS: Ons onthou ja, Hendrik...gladnie terug kantoor toe nie.
- 15 GEORGIE: Eers môre gaan ons weer terug, of later. As hulle...as hulle die...oorskot verwyder het.

- 1 HENDRIK: Ek wil nie hê julle wat my ken moet my... oorskot sien nie.
- 2 JOSEPHUS: Ons het belowe ja.
- 3 GEORGIE: Ons woord is ons woord, Hendrik.
- 4 HENDRIK: Goed. En wat sal julle sê as hulle vra wat dink julle het gebeur?
- 5 GEORGIE: Nes ons gepraat het. Ons weet nie want ons was nie by nie.
- 6 JOSEPHUS: Ons was hier in Goede Hoop.
- 7 HENDRIK: Maar hulle gaan aanhou en aanhou vra: Maar wat dink julle het gebeur?
- 8 GEORGIE: Ons sê ons dink toe jy loop en vir die hysbak wag, het jy seker maar so na die koerant se opskrifte gekyk en begin lees en...en toe ingedagte die middelste hysbak se knoppie gedruk.
- 9 JOSEPHUS: Ons dink toe die deur oopgaan, stap jy per ongeluk in die leë skag in.
- 10 HENDRIK: Wat van die rooi lint voor die deur, Josephus?
- 11 GEORGIE: Ja, dis reg. Die rooi lint ja.
- 12 JOSEPHUS: Dit het mos losgekam en toe sien jy dit nie. En jy lees jou koerant en... en jy stap. Jy stap maar net in. Dis...dis maar al.
- 13 HENDRIK: Dan is dit al ja. Niks meer nie. Julle weet niks verder nie. Julle weet net ek was in 'n goeie bui. Ek het uitgesien na die ete, was opgetoë oor die borsbeeld. Positief oor die toekoms.
- 14 GEORGIE: Maar dis jammer, Hendrik.

- 1 JOSEPHUS: So jammer oor alles.
- 2 HENDRIK: Dink liever so daaraan: geen bankrotskap ooit vir Hendrik Blignaut nie. Geen skandes en vernedering nie. Geen lang siekbed eendag nie. Alles oor in minder as vier sekondes vandat ek die skag instap. Geen pyn nie. Alles oombliklik. Ek sal nie eers weet ek tref die vloer nie. Niks weet nie. Niks voel nie.
- 3 JOSEPHUS: Dan...dan is dit goed, Hendrik.
- 4 GEORGIE: As jy so dink, Hendrik.
- STILTE
- 5 HENDRIK: Ons het dan klaar gepraat, lyk dit my.
- 6 GEORGIE: Ja, ons het klaar gepraat.
- 7 JOSEPHUS: Daar bly niks oor nie. Ons loop dan nou.
- STILTE
- 8 HENDRIK: Dan groet ek. Georgie, ek skud jou hand.
- 9 GEORGIE: En ek groet ook, Hendrik. Ek skud jou hand.
- 10 HENDRIK: En vir jou Josephus. Ek skud jou hand ook.
- 11 JOSEPHUS: Dis goed, Hendrik, ek skud jou hand ook.
- 12 GEORGIE: (STILTE EN DAN EFFENSIE VERLEË LAGGIE) Ek voel so aardig, Hendrik.
- 13 JOSEPHUS: (OOK VERLEË LAGGIE) Ek voel ook aardig, Hendrik.
- 14 HENDRIK: Dis soos julle sê. Mens voel aardig. Heel aardig.
(POUSETJIE) Nes die aand toe Soon gegroet het.
